# Chris Labuschagne

**Datum:** 15 Oktober 2010
**Plek:** Pretoria
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Chris Labuschagne | DOW Ondersteuningpersoneel | SANAE ; Marion | 1985 - 1987

V: Nou, my eerste vraag is maar altyd: Hoe het dit gekom dat jy die eerste keer Antarktika toe is?

A: Deurdat ek by Departement Openbare Werke werksaam was, en by die hoofkantoor gesetel was… Nou hoe die saak in mekaarsteek is, dat die streekskantoor wat in Kaapstad gesetel is, hulle is veronderstel om dan die geboue oralster in die land en dan ook in die Antarktiese area in stand te hou.

V: Ja...

A: nou, deel van die geboue was ook dan brandbeveiliging... wat ingebring moes word vir volgens die bouregulasies. En die streekkantore hulle ondervind toe probleme met die brandopsporingstelsel by Antarktika en dien hulle verslae in Pretoria toe en ons kon in Pretoria nie verstaan wat is die fout, wat was die probleme nie.

V: Ja...

A: En op die manier toe stuur die baas my streekkantoor toe om mondelings te gaan uitvind, en ek kom toe terug en ek sê ek verstaan dit nog nie, en ek maak die voorstel: “Kom dat ek self gaan kyk,” en toe sê hy: "Man jy maak dit vir my maklik, want ek wou dit voorgestel het." En op die manier het ek dan tor die eerste keer op ‘n reis gegaan om die ondersoek te gaan doen na die brandbeveiligingstelsels.

V: Van SANAE 3 nou?

A: Van SANAE 3 dan.

V: Watter jaar was dit gewees?

A: Dit was dan om en by wat ek dink 1980, of wat ons netnou gesien het.

V: 85?

A: 85, dan nou.

V: 1985, Wat was fout gewees met die brandbeveiliging?

A: Kyk, dit was ’n elektroniese stelsel wat nie so gesofistikeerde elektronies soos wat ons deesdae het nie. Daar was die werkende dele by gewees ook, maar dan van die tegnikuste wat daar was, was definitief goed elektronies aangelê gewees en wanneer ’n fout ontstaan, dan het hulle sommer self die fout probeer herstel. Maar met die herstel het hulle kortpaadjie gevat en die stelsel al meer en meer verklein. En sy funksie eintlik toe nou benadeel. Nou ja, toe dis toe nou my voorreg om hier, nie wetende wat vir my wag nie, alles bymekaar te maak wat ek moontlik

dink wat kan fout gaan, maar die skip is net so groot jy kan nie te veel saamvat nie. En die Indiërwinkel daar om die – hoek hy't toegemaak in die tussentyd daar so jy kan spaarparte daar by hom meer kry nie.

V: Ja...

A: So, alles moet saamgaan, maar ek meen met jou beperking van... jy kan tog nie onbepaald saamvat nie.

V: Ja, ja, ja...

A: En op die manier het ek toe die eerste keer gegaan en toe nou ’n poging aangelê om daai brandopsporingstelsel, brandbeveiligingstelsel meer in ’n werkende toestand te kry.

V: So jy het *actually* binne SANAE 3 gewerk? Het julle daar geslaap of... ?

A: *Yes*.Waar het ons die eerste keer geslaap? Nou wonder ek waar het ons toe geslaap? O nee, daar was net containers, hierdie metaal container...

V: Soos skeepscontainer wat hulle...

A: Daai skeepscontainer, *yes*. Dit was sekerlik sulke skeepscontainers wat daar was en ons het binne die goed geslaap. Wat is dit 4, 8 van ons binne in ’n container.

V: Oe aarde, was dit nie koud gewees nie?

A: Nee... die temperatuur binne-in is maar koud gewees, maar die verwarmers het maar 24 uur aanmekaar was hulle aan gewees. En wat interessant was, die binneskoen, die viltskoen van die *boot* – jou sweet wat jy in die dag op jou voete afgee – as jy daai binneskoen nie die aand mooi op ’n tou vasmaak laat dit bo hang nie, is dit moreoggend vasgevries aan die vloer ten spyte dat dit nou sweet is, nou ek meen...

V: Die baie sout...

A: Die baie sout wat daar is, ten spyte daarvan, met ander woorde so koud was die vloer gewees...

V: O, oukei.

A: Maar koud kry... ek weet nie wat sê die ander ouens nie, maar ek sê ons klimatiseer redelik vinnig, ’n kwessie van enkele dae dan is die koue nie meer regtig ’n faktor nie.

V: Want, ek aanvaar so ’n elektriese tipe werk het jy nogal fyn... dis fyn werk so jy kan nie heeltyd met handskoene werk nie.

A: Ja, binne-in die basis, veral binne-in die leefarea was die temperature aangejaag gewees hier na ten minste 22 grade toe.

V: *Wow*! Dis warm...

A: Dis heeltemal warm. Daar loop ons met kort broeke, kortmouhemde en plakkies aan.

V: Oukei.

A: Maar nou... okay, dis sulke buise mos waaruit die SANAE 3 basisstruktuur...

V: *Amco*-tipe buise... ja...

A: Dis reg. So dan was die ding binnekant verhit gewees tot die 22 grade.

V: Het die basis toe nou al bietjie vervalle gelyk binne-in... die struktuur ingedruk en... ?

A: In ’n mate – nie ingedruk nie, in ’n mate verwring deurdat hy nou... die... die drukking van die ys, wat op daai stadium as ek reg onthou was hy 14 meter al onder die ys gewees.

V: Um, ja en ek kan dink as ’n brand daar uitbreek en hulle weet nie daarvan nie is dit nogal moeilik om te ontsnap?

A: Dit kan wees, ja nee dit is so en daar was nie genoegsame afsluiting gewees om dan die ouens te kompartementeer nie. Nou, wat toe gebeur het, is ook dan byvoorbeeld die... generator station waar daar 3 kragopwekkers was. Nou een het geloop, een was op bystand en die ander een het hulle afgewissel. En iemand het dit goedgedink toe nou om ’n gasblusstelsel daar te laat insit, maar ons het die term gebruik, ons noem dit sommer ’n bom. Dit is ’n houer wat teen die plafon vasgeskroef word en wanneer daar genoegsame hitte ontstaan, dan is daar ’n glasbuisie wat ontplof en dan word die gas vrygestel.

V: En dan?

A: Die gas wat vrygestel word is dan veronderstel om die brand te blus.

V: O, oukei, ek verstaan ja.

A: So met ander woorde, daar berekenings gedoen vir hoeveel gas is nodig vir daardie kubieke volume wat jy daarso het. Maar met daardie kragopwekker wat loop, moet hy lugsirkulasie hê vir afkoeling en was daar seker, ’n wat, 800 900 mm deursnee waaier gewees wat die warm lug uitgesuig het boontoe

V: Ja.

A: Maar nou kan jy vir jouself dink, hierdie 5 of 3 kg gas wat nou daar is, as hy nou sou ontplof of moes vrygelaat word, gaan deur daai massiewe waaier in ’n kwessie van sekondes uitgesuig word. En toe het ek nou ’n plan gesien om, wat hulle noem ’n brandkombers, as iemand mos in ’n brand betrokke is, draai hulle jou mos so toe met die...

V: Kombers ..

A: Asbeskombers. Toe het ek die ding gebruik om dan nou voor die waaier se rooster te laat afval. Maar ek het die ding nou nie vooraf geweet nie, en toe moes ek ’n meganisme prakseer daar. En toe het ek ’n bulldozer se *selfstarter* se solenoïed ¬– ekskuus die Engels hier tussenin...

V: Nee, dis doodreg.

A: ... gevat en windings afgedraai, want die ding werk op 24 volt en ek moes hom toe afdraai tot hy met 12 volt kan werk. So as jy die knoppie druk dan aktiveer hy die solenoïed, en laat hy die asbesgordyn vry en val hy voor die waaier...

V: O, ek sien en dan kan die gas vrygelaat word en dan...

A: ... en dan bly die gas agter.

V: uitgesuig word, ja...

A: Nou dit sal dan ’n waaier gekos het op die ou end maar allermins...

V: Nie 12 lewens nie...

A: Ja, en ’n kragopwekker sou gespaar gebly het.

V: En die kragopwekker is seker meer geld ook werd as die waaier?

A: *Yes*, ja.

V: O okay. Nou hoe het julle... hoe ’n groot groep was julle en hoe het julle te werk gegaan, is jy dan gesekondeer deur jou departement om daar te gaan werk vir drie maande?

A: Ja, well, nie gesekondeer nie, opdrag gegee.

V: Opdrag gegee?

A: Gaan ondersoek en herstel.

V: Wie was... in daai tyd die persoon by Openbare Werke gewees wat so half in beheer was van die Antarktika-geboue? Was daar een of twee persone wat baie gedoen het?

A: O, okay. Met die beplanning van ’n gebou was ’n hele professionele span...

V: Ja, ja...

A: .. wat die argitekte, strukturele-, siviele ingenieurs, meganies, elektries – ’n totale professionele span wat dan die gebou ontwerp het, en laat beplan of beplan en ontwerp het. En dan was dit in Kaapstad, die gebou gebou gewees, byvoorbeeld die Noordbasis en dan so met ander woorde, daar was nie sover ek weet ’n spesifiek persoon nie, dit was maar ’n spanpoging gewees van die departement.

V: Ook die instandhouding ook?

A: Ja.

V: Dit was maar ’n... was daar manne wat saam met jou afgegaan het wat al vir meer as een keer af was?

A: Ja. Ja.

V: En het hulle baie stories vertel vooraf?

A: Nee wat. Nie spesifieke stories nie. Dit gebeur maar. Jy sit maar in ’n groep en raak aan gesels, maar jou gesprekke was nie gebaseer streng net rondom die eilande nie.

V: Ja, ek kan dink.

A: Daar’s ander...

V: Mens het ander goed ook om oor te gesels...

A: Ja... van die ouer mense, mense wat al meer male daar was. Een ou met so ’n rooi baard, ek kan nie sy naam onthou meer, van Kaapstad streekkantoor, hy was iets soos 10 keer al daar gewees, so, vir hom was dit nie meer ’n snaaksigheid dan nou gewees nie.

V: Toe wat? Afgevlieg Kaapstad toe?

A: Yes.

V: Van Kaapstad toe op die skip geklim?

A: Dis reg ja.

V: Was dit die eerste groot skipvaart gewees?

A: Eerste skip wat wat vaar – groot of klein.

V: En hoe was die skeepsvaart gewees hier af?

A: Heeltemal goed. Onbekend gewees. Jy't nie geweet wat om te verwag nie... en met al daai kos wat ons daar gekry het, het jy nie besef jy moes bietjie meer aktief geraak het nie. Al die vertering het ’n probleem begin gee later van tyd want jy eet so lekker en jy rus so lekker. So...

V: Mens lê en sit maar net die heeltyd?

A: Dit is reg, ja, want ek meen dit is ’n vragskip en nie ’n passasierskip nie. So. afleiding moes jy maar vir jouself gereël het. Wat vir my interessant en lekker was ook daarso, dat op die skip self was jy ingedeel in groepe om dan "skivvy jobs" te doen. So, jy moes dan die sitkamer opruim vir ’n dag of ’n half dag, ek kan nie meer onthou nie...

V: Was dit nou in '85 gewees?

A: Al toe al gewees, ja.

V: Onder Bill Leith?

A: Dis reg.

V: Okay.

A: So. met ander woorde dat die skeepspersoneel, dat hulle nie daai opruimingswerk doen nie. So, jy moes koppies was en die hele plek skoon maak, netjies maak.

V: Haai?

A: En elke ou het sy beurt gekry.

V: Hmmm. Interessant. Nou op die skip self was daar... het jy nooit seesiek geraak nie?

A: Ja, ja...

V: Ja

A: En kyk daar was maar so ver ek weet... as ek reg onthou, was elke keer maar ’n mediese dokter wat ook saamgegaan het.

V: Ja, ja...

A: En dan klop jy maar by hom aan en sy raad was maar net: moet net nie passief raak nie, kom buitekant toe...

V: Ja...

A: Moet nie gaan bly lê nie.

V: Ja. En toe julle nou daar oor die poolsirkel gaan by 66 [grade], was dit ’n... vertel my bietjie van daardie seremonietjie.

A: Die inisasie-seremonie... ja nee, dit was so. Ons het vooraf geweet daarvan. Dit het tot ons kennis gekom, maar nie geweet wat dit behels nie en een en almal, sover ek weet, het maar deelgeneem aan die pret daarso, en soos jy maar kan sien, die foto's ook: meeste van die ouens het maar baarde gehad...

V: Ja.

A: ... en dan nou die lekkergoed uit die seewater te haal met jou mond en dan weer lekkergoed uit die meel uit te haal, so lyk dit dan en die eier wat op jou kop gebreek word en ingevryf word.

V: Ja, ja, ja...

A: ... om daardie reuk maar... daardie eierreuk uit jou hare uit te kry, was nogal ’n saak gewees...

V: Het hulle ook die kraanwater toegedraai, die warm water?

A: Nee, nee, nie die kere wat ek daar was nie.

V: Ja, okay.

A: So ons het... kon darem lekker warm stort. Maar om daai meel hier uit jou baard te kry daardie meel wat toe nat geword het. Dit was ’n stryd. Hy't nie net met een keer se was uitgekom nie; ek kan dit belowe.

V: Ja... hoe was dit gewees om die eerste keer Antarktika te sien... was daar ’n moment gewees wat ’n mens voel jy sien nou Antarktika?

A: Uhh nee. Vir my... soos ons gevaar het en jy later in die ysbanke begin kom het, en jy hoor die skip as hy so deur die ys breek; en hoe skuur en kraak dit hier teen die skip... en jy sien later van tyd die stukke ys wat gebreek word dat hy opmekaar stoot...

V: Ooo... ja...

A: ... en dan die verskillende ligskakerings wat jy sien...

V: Wonderlik.

A: ... in die verskillende... hellings wat die ys dan nou lê... dit was fantastiese lugspieëlings wat jy in die ys gesien het...

V: Ja, ja. En het julle lang ure gewerk toe julle op die Antarktika self is?

A: Ja, ja. Dit was lelike rowwe ure gewees...

V: Het julle oortyd betaling darem gekry daarvoor?

A: Ja, daar... die spanleier... hy't maar rekord gehou en... hy het maar verslae ingedien... tye ingedien van hoe ons vergoed word daarvoor. Dit was lang ure, ongetwyfeld en ek meen as die weer vir jou toelaat, dan moet jy maar werk daarso.

V: Dit klink my jy het nie net die elektriese werk en toe op die ou end net die brandwerk gedoen nie.

A: Nee, ek het nie. Nee, ek moes maar help met die oprigting van die basis.

V: Is dit ook dat toe dat julle E-basis opgerig het?

A: Dis reg.

V: Toe het jy die volgende jaar weer gegaan?

A: Nee, ek weet nie... Die eerste jaar toe het ek die brandbeveiligingstelsel gaan doen en die tweede keer toe ek gegaan het, toe is dit die E-basis plus sy brandbestryding of brandbeveiliging.

V: Oo, oukei, maar toe jy die eerste keer net die brandbeveiliging gedoen het ..

A: dis reg...

V: ...het jy ook ander werk gedoen?

A: Ja. Gelukkig was daar nie sneeustorm dat ons die inclining shaft wat hulle met die bulldozer in- en uitry hoef skoon te gemaak het nie. Ek hoor dit was nogal ’n stryd gewees om dit te gedoen het. Ek was dit gespaar gewees.

V: Ja. Was daar wetenskaplikes af gewees saam met julle?

A: Ja, ja, seismograwe, onder andere en ek het op ’n dag met hulle ook gaan gesels en toe saam met hulle in die put afgegaan, seker maklik 20 m diep...

V: *O dear*...

A: ... wat hulle ’n gat laat grawe het om dan nou hulle seismografiese toerusting daar onder te kon plaas...

V: Moes julle ook ondersteuningswerk doen vir die wetenskaplikes spesifiek?

A: Nee... nie regtig nie. Nee, want DOW was, hulle wat afgesetel gewees of afgebaken gewees om instandhoudingswerk, en nuwe werk te gaan doen.

V: Ja. So het julle *at all* ooit sosiaal net met mekaar gekuier... ?

A: Ja. O *yes*!

V: Het hulle darem ’n lekker kroeg gehad daaronder?

A: Vir seker, ja...

V: Daar was nie vroue wetenskaplikes saam nie, was daar?

A: Nee, nie op Antarktika gewees nie, wel op ’n rit na Marion toe.

V: Marion. oukei. En in '85 toe jy die eerste keer daar was, was daar al kleurling DOW werkers saam of nie regtig nie?

A: Nog net blankes gewees in daardie jare.

V: Okay. Dis reg en dit was Dirk gewees... Dirk van Schalkwyk.

A: Ja. Ek en Dirk het seker drie keer of vier keer, ek weet nie watter, wat ons saamgereis het, ja.

V: En het julle van toe die skip nou aangekom het by Antarktika, het julle afgelaai op die ys, of moes julle die helikopters gebruik?

A: Ek was... wel ek weet nie vir watter rede nie, half gelukkig of ongelukkig gewees deurdat ek met die helikopter afgevlieg is tot in die basis...

V: Ooo... so jy hoef ook nie te gehelp het met die aflaaiproses nie?

A: Ek het wel gehelp daarmee. Maar toe op die ou end toe ek wel afgaan basis toe; dit was twee dae, drie dae, vier dae later, toe is ek met die helikopter afgevat basis toe, en nie met die slee nie. Nou jy dra seker kennis van die ritueel wat op die slee's ook afgespeel het met die nuwelinge... ?

V: Nee... ?

A: Op die inisiasie wat daar plaas... hulle ry in die laaste slee met die bulldozer se sleep voor en dan is daar ’n bottel Sjerrie wat in die rondte gaan....

V: In die rondte gaan...

A: En hy staan nie stil nie, en die een wat die laaste... wat hom leeg maak moet afspring en hom gaan plant. Dit was onwettig gewees, maar dan moet die leë sherriebottel in die ys ingedruk word. En terwyl…

V: Dis nogal moeilik, want daai ys is hard seker.

A: Nou soos ek sê, ek het dit nie meegemaak nie, ek het maar gesien die volgende dag wanneer… As die nuwelinge daar aangekom het en dan uhh… Sodra die eerste bottel eeg is, dan word die tweede ene en die derde ene..

V: En dan wat as hulle krevasse kry?

A: Nee kyk, daarso waar die basis was of is .. was nie krewasse gewees nie die krewasse was nog verder suid gewees....

V: Ooo, oukei, ja. Nee daar's nou baie krewasse naby by die basis.

A: Is dit?

V: Daar's mos nou nog ’n nuwe basis weer.

A: Ja.

V: Die een op ‘n nunatak.

A: Dis reg. Wat is nou waar SANAE 3 was en die nuna so meer na nuna se kant toe was die krewasse het ek verstaan.

V: Verstaan ja... dis meer daai kant toe, so daar is nie regtig by die kus so baie krewasse nie.

A: Nee. Behalwe dat ek dit so verstaan het, dat die gletser, waar SANAE 3 gebou is, was maar iets soos 60 m dik gewees.

V: Mmm.

A: En dan nou elke jaar met die sneeuval bo en die see wat hom onder afkalf, het hy maar redelik ’n konstante dikte gebly. Ek weet nie of... is dit feitelik korrek is wat ek nou hierso sê nie.

V: Sou dit kan oplees. Okay, so wat was die groot uitdagings gewees om te werk op Antarktika versus om te werk met enige ander staatsgebou?

A: Jy raak verskriklik vinnig gewoond aan die wolhandskoene wat jy onder aan het en die leerhandskoene bo-oor. Om dan daarmee te werk. Ja. Voor ons afgegaan het, was... het dit gelyk na ’n onoorkomelike probleem, maar dit was beslis nie ’n probleem nie. Moeilikheid daarso... ek kan nie juis dink aan ’n moeilikheidsgraad want als is 'n belewenis. Ons het ook so ’n bietjie van ‘n sneeustorm ook beleef op ’n stadium dat jy so vyf meter uit mekaar uit is, en jy praat met mekaar en jy kan mekaar nie sien nie, maar jy kan wel dit hoor.

V: Hoor, ja...

A: Dit was al heeltemal ’n belewenis gewees. Toe was ons was ons seker so vir ’n paar ure... weer in die basis net gewees tot die sneeustorm toe weer afgekom het en ons kon weer aangaan met die werk.

V: Toe jy terug kom, was daar iets in Suid-Afrika wat vreemd was?

A: Ja, toe ek nou weer my eerste keer terugkom van Antarktika af... toe ons nou... want kyk dis mos tien dae se ry [?] en sewe terug. Nou toe ons nou terugkom in Kaapstad, as gevolg blykbaar van die deinings wat aanmekaar is, het ek balans begin verloor. Toe ek nou op die hawe kom, sien ek nou die drywende dok... wat is drywende dok?

V: Dok...

A: En ek het toe nie geweet op daardie stadium nie. En ek dink toe nou ek is iewers hier op ’n drywende dok.

V: Ja, ja, ja... die land het ook so gemaak...

A: Ja... en tot ek later op my boude gaan sit en ’n paar goed opgelyn het, toe sien ek: Nee hier, alles staan stil.

V: Stil.

A: Ja.

V: O, dit moes nogal disoriënterend gewees het...

A: Dit was nogal, maar dis ’n kwessie seker van twee dae, drie dae later en toe het die balans teruggekom.

V: En is jy toe deur die volgende jaar af, Antarktika toe?

A: Ja, ek is die volgende weer ’n keer soontoe.

V: Het hulle toe spesifiek gevra oor jy nou daar was.

A: Nee kyk, ek wou terugkom, ek doen ’n verslag hierso toe sê hulle, *right*, maar ek het die werk klaargemaak, maar nie 100% klaargemaak nie. En toe word die E-basis gebou en toe was ek nou deel van die beplanning gewees van die E-basis se brandbeveiliging. En omdat ek met ander woorde nou, eerstehands die ding ken toe sê hulle: Right, gaan installeer die ding ook dan nou.

V: En was dit lekker om vir ’n tweede keer te gaan?

A: Ja wat, dit is, maar ek vergelyk dit met ’n opmerking wat ek eenkeer gehoor het van iemand wat ’n tweede keer getroud was. Toe sê sy: "Daardie tweede honeymoon was baie saai."

V: Ja...

A: Nou... die tweede keer was dit ook so gewees. Jy het nie regtig iets gehad om na uit te sien nie en toe jy in die ys begin kom, was die belewenis nie so ernstig nie, want jy het dit nou die vorige keer ervaar, met ander woorde ’n jaar terug en daar was nie meer iets nuuts eintlik vir jou gewees nie.

V: Het julle toe so ’n halwe mini-konstruksiebasis gehad ook wat julle in gebly het terwyl julle die E base...

A: Ja...

V: ...gebou het?

A: Ja, toe het ons ook in *containers* gebly.

V: Ja. Nou, om in *containers* te bly, kon nie maklik wees nie, aldag nie, of het julle maar min geslaap?

A: Nee, die slaap is min gewees en as jy gelê het, dan slaap jy.

V: Is dit?

A: Ja. Maar nou met die bedjies wat redelik naby mekaar was... en wat toe gebeur het: Corrie – nou moet ek eers vinnig dink wat sy... was hy so van die strukturele ouens gewees – hy was nogal taamlik betrokke ook by die beplanning en die ontwerp van die E-basis se strukture... en die materiale was verpak gewees in hout kratte en Corrie het toe die werk gekry hy moet die kratte oopmaak, maar die planke is taamlik dik gewees, 30, 40 mm dik en hy het met ’n crowbar die goed oopgedruk en leun hy nou binnekant in en dan haal hy nou uit, of kry hy ’n pamflet wat binne is om te sê wat die materiaal is wat binne-in daardie krat is. Toe ontwikkel hy ’n nagmerrie. En toe hy nou op sy bed lê en wil regop kom, toe is die bedjie te naby hom en hy het die nagmerrie hy val hier binne-in die krat en die krat kom nie oop nie. So daar skree Corrie ons almal wakker.

V: Haai shame, het hy toe ook darem wakker geword?

A: Ja.

V: Het julle hom toe wakker geskud tot hy...

A: Toe hy van sy gille daarso en ons skrik toe almal wakker en almal begin nou lewe kry en toe word hy toe nou wakker.

V: Toe gee julle vir hom ’n dop brandewyn in hom weer rustig te maak?

A: Ja.

V: Okay.

A: Sjerrie was die stapelvoedsel gewees daarso.

V: Okay. Ek sien. So toe het julle nou meer buite gewerk toe julle die E base gebou het.

A: Ja...

V: Hoe was dit gewees om buite konstruksie werk te doen, buite in Antarktika?

A: Dit was vreemd gewees in die sin van... dis skoon. Dis nie vuil nie, daar's nie stof soos wat hierso is nie en wat dit aanbetref, was dit vir my vreemd gewees. Maar die manier van konstruksie is ook dit... daar was ’n gat gegrawe gewees die grootte van die basis en dan die kolomme ingesit en oor en weer versterk en dan weer met die sneeuploeg toegemaak daarso. En om die sneeuploeg te gesien werk het... okay ek het ’n bietjie op die plaas ook grootgeword met die stropers, sien jy hoe dit werk en nou of meer op dieselfde basis...

V: So het jy toe self die kans gekry om met die sneeuploeg te werk?

A: Nee, nie ekself nie. Ek het definitief ’n punt gemaak daarvan om ’n paar keer met die bulldozer te ry en dan die effek te kry daarvan en tot op ’n dag dat ons nou wel die kans gehad het om ys te gaan versamel om te gaan smelt. Ek weet nie of jy al weet wat die verhouding van ys na water is nie?

V: Nee... vertel my.

A: Dit het. Jy het die 400 milli... 400 g-konfytblikke.

V: Ja.

A: Nou ons het ’n toets gedoen met die ding, dat, as ek reg onthou, is dit: Drie of vier sulke blikke vol ys gee vir jou een blik vol water.

V: So jy moet nogal baie water maak vir 'n warm stort?

A: *Yes*. Ja.Oukei, en omdat… dan nou die ys wat daarso is natuurlik absoluut skoon as jy hulle gesmelt het. As jy hare was, is spreekwoordelike 'n druppel sjampoe wat jy in jou hand gebruik om jou hare te was.

V: Ja... regtig?

A: Ja, en dan is jou hare heerlik sag...

V: Sag!

A: Okay. Julle weet seker dat elke ou net elke tweede aand kon stort het...

V: Stort... ja... ja... ja

A: ... behalwe as jy die skivvy-werk het in die aand...

V: En dan kon jy stort?

A: Ja.

V: Sê my, het julle skivvy-beurte gehad?

A: Ook ja...

V: *Nevermind* die feit dat julle soos 'n basis moes bou?

A: Ja… op Antarktika was julle dan so 80 ouens in die basis en om aandete te maak vir die 80 was nogal 'n operasie gewees het. So dan word ons DOW ouens ook ingedeel vir die skivvy-werk; dan moet jy help tafel dek en opruim daarna en skottelgoed was.

V: In daardie keer: was daar vroue saam gewees?

A: Nee. Toe ook nog nie.

V: Nog nie. Daardie 80 ouens, het dit een of twee wetenskaplikes ingesluit?

A: Ja. Met ander woorde dit is die span wat vir die jaar daar was, plus die nuwe span plus dan die tydelike ouens…

V: Ha, oukei. Het julle ooit 'n kans gekry om bietjie binneland toe te vlieg of te gaan...?

A: Nee, nie regtig nie. Nee.

V: Hoe is dit om met wetenskaplikes te werk?

A: Aag vir my was hulle soos mense gewees, heeltemal... want die mediese dokter wat toe vir die jaar daar was, hy vang my toe eendag dat ek met die naaimasjien my oorpak kleiner maak. En toe het hy ook 'n ding. En die vergoeding daarvoor was so ses bottels Sjerrie gewees.

V: Ooo, so jy kan stik?

A: Ja... daar doen jy die ding, en niemand lag vir jou nie; enigiets wat jy doen is normaal.

V: Normaal, ja... ja... ja.. Moet mens nogal kan innoveer, kan aan kreatiewe oplossings dink?

A: Ja, ja. Nee. Want ek meen, hier sit jy gekonfronteer met 'n probleem voor jou en almal is besig; jy kan nie regtig vir iemand anderster vra nie, so, jy moet maar die spreekwoordelike bul by die horings tackle en plan maak.

V: En toe is julle... Ja. Hoe het julle Nuwejaar en Kersfees spandeer? Was dit nog op die skip gewees, of was dit al op die basis?

A: Nee, dit was op die basis gewees. By een geval kan ek onthou dat een van die ouens daarso het ook so 'n klein diens gehou... Kersdiens gehou, maar wat baie swak ondersteun was en ons het

net afgekry gehad drie ure of vier ure, iets van die aard en toe het ons verder weer teruggegaan vir die werk daarso. So, met ander woorde, Sondag, Kersdag en Nuwejaarsdag was maar ’n gewone dag gewees.

V: Gewone werksdag gewees, want dis seker baie werk wat jy moet klaarkry in ’n redelike tydjie?

A: Ja, daar was definitief ’n baie groot skedule, want elke jaar staan daar maar werk oor na die volgende jaar toe wat nie klaargemaak word nie.

V: Ja... en het jy dieselfde probleem gehad met die balans toe jy terugkom?

A: Nee, ek kan nie onthou van die tweede keer nie. Of dit was dan nie so prominent meer gewees so ja, nie.

V: Ja. En toe vra hulle jou om Marion toe te gaan. Wanneer was dit gewees? Of was jy eers toe Gough toe?

A: Nee. Ek was toe... ek dink amper, as ek die ding reg onthou, was ek die Desembermaand Antarktika toe gewees, en toe in Juniemaand Marion toe. Desembermaand weer Antarktika toe.

V: So, jy het daardie skip goed leer ken?

A: Yes. Ja, ons kan miskien kyk op die kaartjies en dies meer [?]...

V: Ja. Hoe was Marion gewees? Wat moes jy daar doen?

A: Daarso... ook die eerste keer gaan kyk wat is die probleme met die brandopsporingstelsel en toe het ons dit die jaar daarna gebruik om ’n nuwe brandopsporingstelsel te bou, te laat bou en dit het toe ook saamgeval met die uitbreiding van die basis op daai stadium.

V: Ja. En het julle katte gesien toe nog?

A: Ja, daar was toe nog baie katte gewees.

V: Was daar ook katskieters al gewees, katjagters?

A: Met die tweede vaart, ja.

V: Met die tweede vaart... hoe was die katjagters gewees?

A: Weet jy, vroulik en manlik was nie faktor daar gewees nie en ’n wetenskaplike, en ’n dokter, en dies meer was ook nie ’n faktor gewees nie.

V: Ja...

A: Dit was net nog ’n persoon gewees.

V: Ja. Net nog ’n persoon, die katjagters?

A: Dis reg, ja. So, met ander woorde, as hulle terugkom, en hulle sê hulle het die katte geskiet en hulle het... Hulle het vir ons op ’n stadium vertel van die katte het vergrote lewers en niere en ingewandes gehad en hulle was fisies groter gewees as wat ons aan gewoond was. Maar die getal wat hulle geskiet het, was... dit was nie ’n saak gewees nie. En waarmee hulle geskiet het, was ook nie ’n saak nie.

V: Oo... oukei.

A: Ek dink amper...

V: Ek wonder waar hulle die gewere gehou het as hulle terugkom basis toe... was daar soos ’n geweerkluis gewees, of het hulle net daarmee rondgeloop, en in hulle kamers gesit?

A: Joeg. Weet jy, ek sou die opmerking maak om te sê dat daar was ’n redelike "don't care"-benadering gewees; of die ouens hulle wapens in die kamer gehad het, of nie gehad het nie, ek glo nie dit sou met iemand eers saak gemaak het nie.

V: Ja. Nou het hulle sommer stories vertel van hoe dit is om die katte te jag?

A: Nee wat. Nee, kyk, dis sy werk en ek het nie ’n storie gehoor van hoe hulle aangelê en bekruip het...

V: Bekruip het.

A: Gejag het nie... ek het nie so ’n storie gehoor nie.

V: Maar julle het nog van die katte gesien?

A: Ja. Ek het definitief van die katte gesien. Op Marion was daar een dag gewees wat hulle vir ons vir die halfdag toe nou vrye tyd gegee het. Toe het ek en die outjie wat toe nou saam die brandbeveiliging gedoen het, Johan Coetzee, toe het ons twee die berge in gevaar daarso...

V: Oo, ek sien ja...

A: ...rugsakke gepak en toe op daai rit, daardie stap, het ons toe nou wel katte gesien.

V: Daai tyd toe julle af is om die brandbeveiliging dan van die basis te doen, was daar enige omgewingsmaatreëls waaraan julle moes voldoen?

A: Ja...

V: Wat was dit?

A: Ja... geen besoedeling nie. Dit was... die besoedeling was ’n baie, baie, baie groot, baie sterk faktor gewees; baie sterk punt gewees; baie gehamer daarop en dan selfs die vullisverwydering daar. Nee die besoedeling was definitief...

V: ’n Issue...

A: Ja, groot ernstigheid gewees, op al drie van die eilande.

V: Daardie vaart – moes dit seker toe die vaart gewees het toe hulle die eerste keer twee vrouespanlede gevat het?

A: Umm... ja, Marion toe.

V: Was dit '86 of '85?

A: Joeg, die datum weet ek nie... ja, ek dink dit was die eerste... die een was ’n student van Bloemfontein gewees wat ook, haar ding, haar doktorsgraad gedoen het op...

V: Ja. Mariaan Steenkamp.

A: Dis reg...

V: Ja.

A: So ’n skraal meisietjie...

V: Ja, ja... ja... okay.

A: En ek dink sy het toe mos ses maande aangebly daar, as ek reg onthou.

V: Ja, sy het aangebly. En Marieta Cawood was die ander een.

A: Marieta Cawood, *yes*... ja

V: Ja... ja... O, so hulle was op die vaart gewees?

A: Dis reg...

V: Is daar ’n ding gemaak daarvan dat hulle nou die eerste vrouens was?

A: Nee. nee.

V: Nee.

A: Nou, ek kan onthou, met die stortgeriewe... ek meen daar was ’n stel stortgeriewe gewees.

V: Ja.

A: En die dag toe ek ingaan om te gaan stort, toe kom sy uit.

V: Ja.

A: Maar ek meen sy het haarself aangetrek binne-in die stort en uitgekom en weet jy, soos ek en jy nou op die oomblik voel...

V: Ja, ja, ja

A: ...het ek en sy daar gevoel. En ek dink dit was deurgaans... dit was maar net die gevoel...

V: …maar net die gevoel gewees. Is dit anders om te werk op Marion as op Antarktika?

A: Uhhh…

V: Wat is anders?

A: Dis meer moeilik, in die sin van dat dit so nat is daarso en dan die modderigheid wat daarso is. Dit belemmer jou werk daarso en dan ek dink die wind ook daarso ¬– dit belemmer jou werk.

V: Dis mos ’n wind wat so in *gusts* kom hy kom net so skielik en dan skep hy iets.

A: Nou, as jy na die basis wat op ’n pypstellasie gebou was daai tyd, die hele ding staan daar en wieg so, en natuurlik die muise daarso, in die basis.

V: Ja, jy het seker baie muise teëgekom?

A: Ja... ag dit is... jy het later nie meer wakker geword as dit so oor jou hardloop nie...

V: ...hardloop nie...

A: Okay, die bedjies is maar taamlik smal gewees waarop jy geslaap het, en dan hardloop hulle heen en weer.

V: Ja.

A: Weet julle van die biltongmakery op die ys?

V: Op die ys? Ja, ek het gehoor ’n mens maak maklik biltong daar. Maar watter biltong het julle gemaak?

A: Nee jy weet, van vleis...

V: Oo... gewone...

A: Ja, dis nou van die vleis wat oorgebly het, wat te veel gebring was en in plaas van...

V: Nou waar het julle dit gehang?

A: Nee, jy gooi dit daar op die ys neer.

V: Gooi dit net daar op die ys neer, en dan droog dit uit so binne ’n week of wat?

A: Ja, nee, ek dink minder as ’n week, jy kan al...

V: Rêrig?... en dan kan jy seker lekker nat biltong eet?

A: *Yes*, ja. Ek meen dit is droog daarso...

V: Ja.

A: ...en dan met die wind en dan die... daardie biltong word baie vinnig droog.

V: Vinnig droog. So jy eet dus lekker?

A: Yes. ja.

V: Hoe... het julle ’n kok saam gehad, op Antarktika?

A: Die tweede... met die tweede vaart, was daar ’n lugmag-kok gewees.

V: Ja, maar nie met die eerste vaart nie?

A: Nie met die eerste vaart nie, nee; jy moes vir jouself ontbyt gaan maak en middagete, en aandete het die basis-ouens dan...

V: Ja...

A: het hulle

V: aandete gemaak ..

A: het hulle aandete gemaak.

V: Kan jy onthou wie was die DCO, die officer in charge van hierdie trips gewees, hierdie... was daar ’n Adriaan Dreyer gewees, of was Dirk van Schalkwyk maar... ?

A: Nee, Dirk van Schalkwyk sover ek weet...

V: Was hy saam gewees daar?

A: Ja. En dan...

V: Sam Oosthuizen?

A: Sam Oosthuizen, ek en hy het een rit saam gemaak, maar ek dink dit was Marion toe gewees.

V: En... ek het... was jy twee keer Marion toe?

A: Ja.

V: Wat het jy die volgende keer gedoen?

A: Die volgende keer... dit was toe die vergroting van die bestaande basis en dan sy brandopsporingstelsel.

V: So, dit was Antarktika, Marion, Antarktika, Marion gewees omtrent.

A: Yes. Ja. En iewerster... ons kan net die datums gaan kyk, en miskien die paspoort gaan kyk, jy weet, hoe dit in mekaar gesteek het, maar ek dink amper dit was taamlik gereeld.

V: En toe Gougheiland, het dit heeltemal anders omgewing gewees as Marion, of nie regtig nie?

A: Ja... nie regtig vir my nie, deurdat ook maar baie nat is daarso... ek dink Gougheiland is dalk vir my meer aanloklik gewees, meer aantreklik gewees in die sin van die natuurlewe wat daar duideliker is as wat op Marion is want op Marion is eintlik maar net die seelewe wat daar ’n bietjie is en dan. Okay het weer daardie verskriklike duisternis van rockhopper-pikkewyne wat so skree.

V: Ja, hulle kan nogal. So het julle… Af en toe kon julle soos vir ’n halfuur kus toe ook stap?

A: Nee.

V: Nie?

A: Nee. Nee, hulle het die werk as prioriteit gewees.

V: So, het julle hard gewerk?

A: Ja, ons het deurentyd gewerk daarso. Ek meen die skedule was gelaai gewees, en met die mannekrag wat daar is, moes dit gedoen gewees het. Nou wat op Gougheiland gebeur het, is dat, wanneer die snoek ’n slag loop, kyk dan word daar nou ernstig planne gemaak en vooraf is daar al byvoorbeeld by die DOW-span was daar bespreek gewees, hoor hier, wie van julle is nou hengelaars en nie hengelaars nie? En dan staan jy in vir ’n ander ou en dan word daar snoek gevang.

V: Is jy ’n hengelaar?

A: Nee.

V: Maar daar was ouens wat was en dan...

A: Yes, en dan het hulle afgegaan na die...

V: Het julle die snoek kon braai toe?

A: Ja!. Juis.

V: Watter hout? Of het hulle saamgevat?

A: Nee, tamatiekasplankies.

V: Tamatiekasplankies? Okay.

A: Yes.

V: Word hulle nie net as nie?

A: Nee, omdat die snoek met lae hitte moet gaar word...

V: Oooo...

A: Richard, kan nou nie sy van onthou nie... maar...

V: Skinner, dalk?

A: Nee, hy was van vervoer, Richard van streekkantoor DOW... ek sou dink hy kon maklik die lelikste ou op die skip gewees het. Of op die, maar die man het ’n verskriklike persoonlikheid gehad en was baie musikaal gewees. Dan sit ons in ’n groep en daar haal hy sy kitaar uit, en begin jy met jou dan maak hy vyf, ses, sewe, agt-sinne liedjie van jou wat van toepassing is op jou. En dan gaan hy doodeenvoudig so in die ry gaan hy af daar na elke ou....

V: *Wow*, dis baie kreatief!

A: Ja, die ou het definitief... hy't daai gawe gehad. En Richard, hy ek en hy... Die dag het hy snoek gevang, of was daar snoek gevang gewees en toe het hy vir my gewys hoe braai ’n mens nou snoek.

V: O, en is dit iets wat jy naderhand gedoen het?

A: Nee wat, nee wat. Die snoek is te ver hierso...

V: Ja... nee dis bietjie ver... 1,000 of wat kilometer, 1,500 km....

A: Ja en die snoek en dan die kreef ook...

V: Tristan... ?

A: Nee...

V: Gough?

A: Gougheiland.

V: Het julle kreef ook geduik?

A: Yes. Van die ouens het daar gaan kreef duik wettig of nie wettig nie... jy moet maar bepaal daarso en uitvind.

V: Ek dink hulle doen dit so...

A: Ja. Ek kan onthou... sulke groot kastrolle, het hulle die aand drie of vier of dalk vyf sulke kastrolle vol kreef gehad.

V: Lekker...

A: Ja, met verskillende speserye dan daarby.

V: Is jy toe uit die staatsdiens uit, of hoekom het jy toe nooit teruggegaan nie?

A: Nee, ek is... so ’n rukkie later is ek met ’n oorplasing weg van Departement Openbare Werke af.

V: Ooo. okay. Sou jy graag weer die geleentheid wou gehad het om te gaan kyk?

A: Ek het baie ernstig die hunkering gehad dat een van die seuns, allermins net op ’n manier dalk moes gaan besoek gaan aflê by een van die eilande, maar dit het toe nooit gewerk nie.

V: ... gewerk nie... Hoe sou jy Antarktika beskryf?

A: Die rustigheid wat daarso is. As daar tyd is kan jy jouself ook ontdek daarso. Kop... bietjie kop skoonmaak. Wat natuurlik vir my ’n besonderse ondervinding was, is dat telefoonoproepe, die tien minute gesprek en dis ’n tweerigtinggesprek... en dan... jy besef dan daar is party wat die skakeling doen wat dan jou hele gesprek nou hoor. Maar hier is jy vir ’n oomblik in die huis...

V: Ja, ja, ja, ja

A: ... En die volgende oomblik sê hulle vir jou jou tyd is op en dan sit jy die telefoon neer. Hier is die realiteit weer ver...

A: Ja. en dan... kyk, ek het op ’n stadium by Korrektiewe Dienste gewerk, toe ek in Gevangenisdiens was. Daar het hulle die term gehad: jy moet leer om te smokkel...

V: Ja...

A: ... en die radiotegnikus is die eerste ou wat jy mee vriende maak, of wat ek besluit het om mee vriende te maak, want dan doen jy jou eie telekse, want andersins was jy beperk gewees ek dink tot 100 woorde of iets van dié aard...

V: Okay. julle het nog daardie tyd telekse gebruik?

A: Telekses, ja...

V: O aarde...

A: Ja... en dan met ander woorde, jy maak vriende met hom en jy leer vinnig die teleks, en jy leer toe hoe om die ding op te wen om die vingers, en dan sny jy jou eie teleksband en dan op die ou end gee jy dit net vir hom en hy voer dit in die masjien en daar gaat jou teleks.

V: Ai, lekker en dan kan jy darem so 105 woorde gebruik.

A: Nee...

V: Solank as jy wil...

A: Wel omdat jy nou self gedoen het...

V: Ja...

A: Dan het jy nou langer boodskappe kon stuur.

V: Stuur, okay. ja.

A: ... en dan die kantoor hierso... nou, Susan, my vrou, sy het toe nou weer gaan kennis maak hierso en dan was daar meer telekse gestuur en ontvang as wat daar moes gewees het...

V: ...moes gewees het... Hoe was dit gewees om met ’n... basies daar te wees vir drie maande, sonder jou vrou en kinders?

A: Wat my gevang het, is wanneer jy telefoonoproepe gemaak het, dat jy vir daardie oomblik, daardie tien minute wel by die huis was weer, en daarna weg. Ek meen jy sit en wag daar in die tou tot jou beurt nou kom vir jou om ’n oproep te maak en dan jy's opgewonde en jy's vol verwagting vir die gesprek wat voorlê. Ek kon my nie voorberei oor wat ek vir haar gesê het nie... sien, jy weet, die een ding lei maar na die ander ene en dan daarna is jy terug in die werk. Ek meen, of dit nou Sondag was wat die oproepe was, maak nie saak nie; dan is jy terug in die werk en dan konsentreer jy hierso dan. Daar nie juis tyd gewees om te "mope", soos die kinders sê oor wat by die huis aangaan nie.

V: Ja. En oor die son so laat skyn... eintlik 24 uur amper skyn... het dit gemaak dat julle harder moet werk in Antarktika?

A: Nee wat, dis maar net toegelaat dat jy miskien gemakliker, langer ure kan werk, maar as jy moet gaan slaap, dan is dit besonders lig en dan het ons maar... veral toe die E-basis klaar gebou is, toe ons maar in hom gebly het, het ons maar met swart sakke so in die vensters toegeplak...

V: ... toegemaak... ja, ja...

A: ... sodat jy bietjie kan donkerte kry.

V: Ja. En die containers het glad nie vensters gehad nie?

A: Joeg, ek... nee, ek glo nie, ek kan nie eers onthou nie; ek twyfel.

V: Is daar nog iets wat jy wil byvoeg?... Hoekom sou jy graag wou gehad het jou kinders moes gegaan het?

A: Omdat daar ook foto's geneem word van die spanne wat wel daai vir die oorhangtyd daar was en die foto's... veral op Marion, jy kan dit duidelik onthou, dié was aangebring gewees daar op die muur en ek sou nou graag wou gehad het die seun moes gaan kyk en sê: "Hoor hier, daar is my pa."

V: Oo aah. okay. okay.

A: Ek dink het vir julle so in die e-pos laat weet dat ek was nou wel op Antarktika gewees, en toe by die volgende departement, by Intelligensiediens waar ek gewerk het, het my ’n slag Moskou toe gestuur. So, ek dink ek is waarskynlik die enigste Suid-Afrikaner wat sover suid en so ver noord...

V: ... noord was.

A: Daar was wel ouens van Rusland af wat ’n slag wel op Antarktika was, maar ek weet nie van nog Suid-Afrikaners...

V: Wat het ’n elektrisiën gaan, wel nie elektrisiën nie, wat moes jy doen in Moskou vir die Inligtingsdiens? *Wire-tapping*?

A: Nee, ek het die huidiglik [sic] professor Olivier wat nou by Wits is, hy was toe ambassadeur in Moskou gewees in daardie stadium... en toe moes ek ’n bietjie met hom gaan gesels rondom sekerheid en sekuriteit en...

V: ... maar bietjie gaan uitvis het...

A: Nee.

V: Okay. Dis reg.

A: Meer in ’n raadgewende hoedanigheid.

V: Okay. En was Moskou ook koud gewees?

A: Nee.

V: Was julle in die somer daar...

A: Ons was in die somer daar gewees... Og, ek kan op die aarde nie nou meer onthou watter tyd van die jaar dit was nie, maar dit was in die somertyd gewees wat ons daar was.

A: Okay.

V: Maar dit was net so vir ’n week lank was ek daar gewees.

A: Okay. Baie dankie.